9 Oktober 2022

FAMILIE TUISBLAD

Jeremia 29: 1, 4-7

Jeremia was ‘n profeet tydens Israel se ballingskap. Ballingskap beteken dat nadat Israel ‘n oorlog verloor het, hulle weggeneem is uit hulle eie land na ‘n ander land toe. In die ander land is hulle nie toegesluit in ‘n tronk nie en kon vrylik leef, maar hulle mag nie teruggegaan het na hulle land toe nie en moes die land waarin hulle was, se wette gehoorsaam.

’n Bekende persoon in die Bybel wat tydens ballingskap na ‘n ander land gevat is, is Daniël. Daniël was saam met sy vriende in die vreemde land. Hulle is toe egter spesiaal gekies om in die koning van Babel se paleis diens te doen. Hulle het voor ‘n hele paar uitdagings te staan gekom en moes dikwels moeilike keuses maak. Onthou julle die oond vol vuur? En die leeukuil?! Dit was beslis nie kinderspeletjies nie!

Maar eers gou terug by Jeremia. God het vir Jeremia ’n brief laat skryf om vir die mense van Israel wat in die vreemde land in ballingskap was, ’n boodskap te gee. God het vir hulle gesê dat hulle hul lewens voluit moet leef in die vreemde land. Hy het gesê hulle moet help dat alles goed sal gaan in die vreemde stad en dat hulle vir die mense van die stad (eintlik hul vyande!) moet bid. God het ook gesê dat Hy oor alles regeer en dat hy die Israeliete eendag sal terugneem na hul eie land.

Lees: Jeremia 29:1, 4-7 ’n Brief aan die ballinge

Gesels:

- Hoe dink julle het Jeremia gevoel toe hy die brief geskryf het?
- Hoe dink julle het die mense gevoel wat die brief gelees het?
- Vertel van ’n keer toe jy in moeilike omstandighede was en wat jy toe gedoen het.
- Hoe kan ons op God vertrou en aanhou om reg te leef wanneer ons op ’n “slegte” plek is? Wat kan ons hiermee help?

Bid: Sê vir God dankie dat Hy oor alles regeer en vra Hom om julle te help om altyd reg te leef, selfs op “slegte” of moeilike plekke.

Doen: Laat elkeen in die gesin vir een ander gesinslid ‘n briefie skryf om hulle te bemoedig. Jong kinders kan hul boodskappies teken.

———

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **Daniël en sy vriende** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za